

## Beelde oor eenheid



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

1 Petrus 2:9; Ekodus 19:5, 6; Efesiërs 2:19–22; 1 Korintiërs 3:16, 17; 1 Korintiërs 12:12–26; Johannes 10:1–11; Psalm 23.

#### Geheeteks:

“Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus” (1 Korintiërs 12:12, NAB).

**E**nigeen wat al die Bybel studeer het, weet dat dit besonder ryk aan beeld en simboliek is, en dat daardie woordprentjies op dieper werklikhede dui. Dit is nie sommer net mooi woorde nie. Neem byvoorbeeld die offerstelsel regdeur die Bybel. In ’n sekere sin, en op die keper beskou, dui dit op iets meer verhewe: Jesus en die ganse verlossingsplan. Die Bybel bevat ook baie ander beelde. Soms is dit eenvoudige verskynsels soos water, wind en vuur. Afhangende van die konteks, dui hierdie beelde gewoonlik op geestelike en teologiese waarhede. Let byvoorbeeld op Jesus se woorde: “Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is” (Joh. 3:8, NAB), Hier dui die wind op die Heilige Gees. Die Bybel gebruik ’n aantal beelde om die eenheid wat die kerk op aarde moet uitleef, te beskryf. Op hul eie is geneen van die beelde egter volledig nie. Tesame skenk dit ons wel ’n magdom insigte oor kerkeenheid – soos die kerk se plek met betrekking tot God, die lidmate se plek met betrekking tot mekaar, en die kerk se plek met betrekking tot die gemeenskap as ’n geheel. Vandeesweek se les bekyk enkele van daardie beelde en wat dit vir ons omtrent eenheid eenheid in Christus sê.

*\*Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 10de November.*

## Die volk van die Here

**Lees 1 Petrus 2:9, Eksodus 19:5 en 6, Deuteronomium 4:20 en hoofstuk 7:6. Wat sê hierdie teksverse vir ons oor die unieke posisie wat God se kinders beklee?**

---

Die kerk gaan oor die doen en late van mense. Tog is dit 'n unieke groep mense. Die “volk van God” behoort aan Hom – hulle maak aanspraak om Hom as hul Verlosser en Vader, en is diegene wat deur Christus vrygekoop is en wat aan Hom gehoorsaam is. Dit skep 'n interessante prentjie en benadruk die feit dat God al sedert die loodsing van die verlossingsplan “sy kinders” – oftewel 'n “volk” - het, en ook dat die Nuwe-Testamentiese kerk en Israel van ouds by mekaar aansluiting vind. 'n Mens sien dit vanaf Adam se tyd, hoedat God met die patriarge, insluitende met Abraham, 'n verbond sluit. Die Here het 'n verbondsvolk voor en na die vloed gehad – sy mense, sy verteenwoordigers op aarde; wat sy liefde, genade, en geregtigheid aan die wêreld moes weerspieël. God se volk word 'n “uitverkore geslag” (OAB), 'n “koninklike priesterdom” en 'n “nasie wat vir God afgesonder is” (NAB) genoem. Hierdie name dui op 'n spesiale roeping, 'n verheewe strew: “om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (1 Pet. 2:9, OAB). Hierdie beskrwyng eggo ook die een in Eksodus 34:6 en 7 wat oor God se genadige karakter gaan. “God het die kerk as sy uitverkore eiendom vrygekoop, sodat lidmate sy kosbare karakter in hul eie lewens kan weerspieël en daarmee sy goedertierenheid en genadige houding teenoor die mens kan verkondig” (*Die SDA Bible Commentary*, vol. 7, bl. 562).

**Lees Deuteronomium 7:6–8. Hoekom het God nou juis die afstammeling van Abraham as sy volk gekies? Op watter manier is dit steeds van toepassing?**

---

Die kerk word o.a. as 'n “heilige volk” – oftewel 'n “heilige nasiestaat” - beskryf, maar kom ons wees nou eerlik: Van watter land op aarde kan 'n mens nou dit sê? Nie 'n enkele een nie. Der laaste nasie en etniese groep bestaan uit mense wat nóg God se liefde nóg sy genade verdien. Die Bybel roep dus die gelowige om deel van geestelike Israel te wees. Tog wys die Bybel ons op 'n belangrik feit – dat die uitverkiesing en totstandbring van die verbondsvolk geheel en al aan die liefde van God te danke is, en dat die mens niks het om hom/haar by God aan te beveel nie. Die skepping van sy volk is dus 'n liefdesgebaar. Ten spyte van hul gemeenskaplike sonde en afvalligheid hou God by die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het – die Messias word uit die patriarg se nageslag gebore, tot redding van God se volk. Die uiverkiesing van Israel getuig van God se genade, net so hul verlossing. Hierdie tema toon ons gemeenskaplike herkoms – 'n genadige roeping van die onverdienslike mens.people. Just as the election of God's people was an act of His grace, so is their salvation. This theme reminds us of our common roots in the unmerited grace of God.

## Die huis(-gesin) van God

Die Nuwe Testament gebruik ook 'n ander beeld vir die kinders van die Here. Hulle word die “huis van God” (OAB) en die “huisgesin van God” genoem (1 Tim. 3:15, NAB). Hier het ons 'n metafoer – afsonderlike bakstene wat saamgevoeg word om 'n huis te bou. Dit beklemtoon die ingewikkelde en interafhanklike aard van die bande tussen gemeentelede. Petrus praat juis van gelowiges as “lewende stene” (1 Pet. 2:5, OAB). Hierdie beeld bring twee verdere eienskappe aan die lig – 'n samesyn en sending wat van duursaamheid en standvastigheid getuig.

**Lees Efesiërs 2:19–22. Op watter sleutelbegrippe lê Paulus hier klem? Wat sê hierdie beeld vir ons aangaande kerkeenheid?**

---

In hierdie skrifgedeelte voeg Paulus twee beelde oor die kerk tesame: die een nie-lewendig ('n huis/woning), en die ander lewendig (huisgesin van God/huisgenote van God). Met 'n enkele baksteen kan 'n mens nie juis veel uitrig nie, maar wanneer 'n mens 'n klomp het en dit saamvoeg, het jy 'n skuilplek te midde van die stormagtige lewe. Niemand is 'n alleenstaande baksteen nie. In die hegte band van daardie geestelike huisgenootskap oorvleuel jou lewe met dié van 'n ander. 'n Gebou is slegs stewig wanneer die fondasie reg en sterk is. Jesus Christus is ons fondasie. Hy is ook die “hoeksteen” van die huis van God (lees ook 1 Kor. 3:11). Wat meer is, die kerk sal in duie stort as Christus nie die hoeksteen van sy bruid se daaglikse aktiwiteite is nie. Die kerk draai immers om Jesus Christus – sy lewe, dood, opstanding en wederkoms. Die huisgesin van God staan juis saam om die blye boodskap oor Jesus aan die wêreld te verkondig. Jesus staan heel bo-aan die agenda – wie Hy is, wat Hy vir ons gedoen het en steeds in ons harte doen, en wat Hy aan ons bied wanneer ons Hom as Heer en Meester aanvaar. Die huisgesin is 'n besonder handige beeld. Hier het dit te make met die wedersydse bande wat lidmate geniet. Dit laat dink 'n mens aan pa's en ma's, en broers en susters. Gesinsbande is gewoonlik baie heg en lei tot 'n diepe lojaliteit. Daardie vertrouensverhouding oortref dikwels dié wat 'n mens met nie-gesinslede het. Lojaliteit vorm 'n groot deel van die eenheidsbelewenis, want daarsonder is eenheid immers buite die kwessie, nie waar nie? Hoe stem dié beeld ooreen met die werklike kerk? Kerklede is ook deel van 'n groter gesin. Ons is nie net verwant omdat ons letterlik 'n gemeenskaplike stamvader – te wete Adam – het nie. Deur die wedergeboortenis wat elke gelowige beleef, het ons ook 'n verwantskap met die tweede Adam, Jesus Christus. Op daardie manier het ons 'n unieke verbintenis, en nie net oor die leerstellings wat ons deel nie, maar ook deur ons belewenis as bekeerlinge wat nou 'n nuwe lewe in en deur Christus leef.

**Ongelukkig kom party mense uit gebroke gesinne, met die gevolg dat die gesinsbeeld vir sulke persone nie juis veel trefkrag het nie. Die vraag is net: Hoe kan ons vir sulke mense die huisgesin wees wat hulle nog nooit gehad het nie?**

## Die tempel van die Heilige Gees

'n Verdere bou-metafoor wat Paulus gebruik, is die “tempel van God” of “tempel van die Heilige Gees.” Dit laat 'n mens aan iets kosbaars, 'n statige en uiters waardevolle gebou dink. Die apostel gebruik dit in sy geskrifte – eers in 1 Korintiërs 6:19 waar dit op die gelowige se liggaam dui, wat die “tempel van God” en ook die “tempel van die heilige Gees” is (OAB); en in 1 Korintiërs 3:16 en 17, waar die heiligste en kosbaarste gebou van die Ou Nabye Ooste, die tempel in Jerusalem, as tempel-beeld ingespan word.

**Lees 1 Korintiërs 3:16, 17. Wat beteken dit wanneer 'n mens sê dat die kerk die tempel van die Heilige Gees is? Waarteen waarsku Paulus ons in vers 17?**

---

Met hierdie skrywe oor die kerk het Paulus natuurlik nie 'n letterlike tempel of aanbiddingsplek in gedagte nie. Soos duidelik blyk uit die Afrikaans, toon die oorspronklike Grieks hier dat Paulus die leser in die meervoud aanspreek, en nie in die enkelvoud nie. Hy gebruik “julle” en nie “jy” nie. Die tempel-metafoor dui dus op die kerk as 'n liggaam – al die Christene in Korinte vorm tesame die tempel van die Heilige Gees, waarin God geestelik-gesproke woon. Vir Paulus is die Christelike gemeenskap God se tuiste. Vandaar dié waarskuwing, dat elkeen wat probeer om daardie gemeenskap te vernietig onder God se oordele sal deurloop. Aan die kern van daardie samesyn, en van God se teenwoordigheid in daardie gemeenskap, lê eenstemmigheid. Hoewel hierdie teksvers dikwels as 'n vermaning gesien word, om na die tasbare liggaam om te sien (wat Christene in elk geval veronderstel is om te doen), is dit nie eintlik die punt wat Paulus hier probeer tuisbring nie. Sy boodskap is eerder 'n waarskuwing aan dié wat meen dat hulle eenstemmigheid in God se kerk mag ondermyn. Aan die begin van die hoofstuk noem Paulus die dinge wat volgens hom eenheid bedreig. Hy praat van “jaloersheid, twis en tweedrag” (1 Kor. 3:3, OAB). Hierdie gedrag en houdings stel Christelike eenheid daadwerlik in gevaar, en maak dat God Hom naderhand aan sy tempel onttrek. Of anders gestel: Konflik in die kerk vernietig die tempel van God. Dit is hoekom Paulus vra dat lede hierdie tipe houdings en gedrag wat onderlinge eenheid bedreig, moet laat vaar. Paulus se raad aan die Korintiërs geld steeds vir daardie kere wanneer konflik wel ontstaan: “Maar ek vermaan julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening” (1 Kor. 1:10, OAB).

**Jaloersheid, twis en skeuringe – dié soort goed was nie net in die destydse kerk nie. Ons het steeds daarmee te kampe. Watter rol speel elke lidmaat in die soeke na 'n oplossing vir dié probleme, maar op so 'n manier dat eenstemmigheid nie bedreig word nie?**

## Die liggaam van Christus

Die “liggaam van Christus” is seker die bekendste beeld vir God se kerk, en wat die meeste klem lê op die eenheid van al die lede. “Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus... Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen ’n lid daarvan” (1 Kor. 12:12, 27, NAB). Die liggaam bestaan uit baie uiteenlopende dele, elk met sy eie funksie, wat saam ’n enkele eenheid vorm. Net so is dit met kerk. Elkeen lid het sy/haar roeping en verpligtinge, en werk saam met die ander lede in die liggaam van Christus.

**Lees 1 Korintiërs 12:12–26. Hoe vind hierdie beeld – van die kerk as een liggaam wat uit baie dele bestaan – uiting in jul plaaslike gemeente? Hoe vind dit uiting in ’n wêreldwye kerkgenootskap soos die Sewendedag-Adventistekerk?**

---

Met Paulus se onderwysing in 1 Korintiërs 12 bring hy ’n deurslaggewende waarheid by die leser tuis, naamlik dat ware eenheid in Christus nie bloot in diversiteit te vinde is nie. Dit bestaan ook nie ten spyte van diversiteit nie, maar kom juis deur diversiteit. Dit maak boonop sin vir die gelowige dat hierdie tekens van diversiteit hul oorspang in die Heilige Gees het. Die menslike liggaam is ongelooflik samehangend, tog is dit ook onbeskryflik divers – en dit is hoe die liggaam van Christus behoort te wees. Diversiteit is juis die voerkanaal vir die volledigheid en oorvloedigheid wat vanuit die liggaam van Christus voortvloei. Hierdie beeld spreek direk tot ons as Adventiste. Die Sewendedag-Adventistekerk het in die afgelope paar dekades ongekende groei beleef. Die Kerk bestaan uit mense van byna alle agtergronde, kulture en lewensterreine. Ons mag nie toelaat dat verskille op grond van etnisiteit, ras, kultuur, skoolopleiding of ouderdom verdeeldheid in Christus bring nie. Inteendeel, daardie diversiteit moet deur die werking van die Gees die stukrag vir ons eendragtigheid word. Sodoende gee ons aan ’n belangrike waarheid uiting, naamlik dat ons ten spyte van hierdie verskille tesame een in Christus is. Soos ons reeds gesê het: Voor die kruis is ons almal op gelyke voet, ongeag van persoon of herkoms. In ’n wêreld wat algaande al hoe meer gefragmenteerd raak, moet die kerk toon dat eenheid in diversiteit bereikbaar is. As kinders van die Here demonstreer ons die genesende en versoenende krag wat in die evangelie steek. Hierdie ideaal kan bereik word, en die wonderlike deel is dat Paulus vir ons sê hoe. “Christus... [is] Hoof... van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam” (Efe. 5:23, OAB), “en Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente” (Kol. 1:18, OAB). Met elke gelowige wat op ’n geestelike wyse aan Christus verbind is, ontvang die ganse liggaam dieselfde voeding. Daarom moet ons op ’n paar belangrike dinge let: Die bestudering van die Woord van God; gehoorsaamheid aan die dinge wat ons daaruit leer; asook al die dinge wat ons ter wille van eenheid in die liggaam van Christus saam doen, ons gebede en gesamentlike aanbidding. Op hierdie dinge kan ons nooit te veel klem lê nie.

## Die Herder en Sy kudde

**Lees Johannes 10:1–11. Watter aspekte van die kerk-as-kudde-metafoor het met eenheid te make? Lees ook Psalm 23.**

---

In ons verstedelike wêreld vind diereboerdery buitekant dorpsgebiede plaas. Die deursnee moderne mens weet maar min van die band tussen skaap en skaapwagter. Toe Jesus egter hier gelykenis vertel het, het sy gehoor presies geweet waarvan hy praat. Toe Hy gesê het: “Ek is die goeie herder,” het hulle dadelik besef dat Hy van Psalm 23 vers 1 praat: “Die Here is my herder” (beide OAB). Nie net was die verband tussen beeld en betekenis duidelik nie. Die feit dat dit bepaalde emosies by die destydse gehoor gewek het, het dit besonder kleurrik gemaak. Die skaapwagter se toewyding ten spyte van teëspoed en struikelblok was welbekend in die wêreld van die Ou Nabye Ooste, en nou nog in die moderne Midde-Ooste. Die herder-en-kudde-beeld is een van die mees geliefde metafore in die Bybel, en versinnebeeld die karakter van God asook die hegte band tussen Hom en sy volk.

Die kinders van die Here word dus as skape uitgebeeld. Dit is nogal ’n interessante metafoor. Skape skep ’n bepaalde indruk, van onskuld en weerloosheid. Hulle is totaal op die skaapwagter, op sy beskerming en leiding, aangewese. Skape word, in alle eerlikheid, as dom beskou. Soms verdwaal die skape sonder dat hulle dit besef, en dan moet die skaapwagter na hulle gaan soek en na die kudde terugbring. Lammertjies benodig ekstra sorg, en moet dikwels opgetel en teruggedra word. In vele opsigte is dit die perfekte versinnebeelding van die kerk. In hierdie vriendskap tussen herder en kudde, het die skape niks om te vrees nie. Dit is ’n boesemvriendskap wat net tot hulle voordeel is. Jesus se gelykenis onderstreep ’n belangrike punt, naamlik dat die skape na die herder se stem moet luister. Vanmelewe se skaapwagters moes soms meer as een kudde in dieselfde kraal aanhou, vir ekstra beskerming. Dit laat ’n mens wonder: Hoe het hulle geweet watter skape aan wie behoort? Maklik. Al wat die skaapwagter moes doen, was om by die kraalhek te staan en na die skape te roep. Die regte skape herken dan hul skaapwagter se stem, en kom nader. “En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken” (Joh. 10:4, OAB). Dit is van kardinale belang dat die kerk na die Skaapwagter se stem luister. Om die waarheid te sê, hul nabyheid aan Hom bepaal of hulle een en veilig gaan wees. Wat meer is, daardie nabyheid hou direk verband met hul onderwerping aan God, dat hulle op sy roepstem ag slaan.

**Mense hou gewoonlik nie daarvan om skape genoem te word nie. Hoekom is dit wel ’n gepaste metafoor? Wat sê dit vir ons oor ons behoefte aan die goeie Herder en die feit dat ons na sy stem moet luister?**

### Vir verdere studie:

Ellen G. White, “The Divine Shepherd,” bl. 476–484, in die boek *Desire of Ages*; “The Church on Earth,” bl. 240–243, in *Counsels for the Church*. “Met die tempelgebou in Jerusalem asook die immerteenwoordige Grieks-Romeinse strukture as verwysingsraamwerk, span die Nuwe-Testamentiese skrywers die tempel as metafoor in. Hulle doen dit sodat gelowiges ’n aantal dinge kan visualiseer – die gewydhed van die kerk, God se rol in die daarstelling en groei van sy liggaam, die leiding van Christus en die Heilige Gees wat tesame daaraan beslag gee, asook die eenstemmigheid van lidmate. Op die oog af impliseer dié fokus op argitektuur ’n onveranderlikheid. Tog word dié metafoor uit die nie-lewende wêreld met een uit die lewende wêreld gekombineer, met die [dinamiese] bouproses wat dikwels benadruk word. Die tempel-beeld is dus nie staties nie. ‘Dit noop ’n mens om dié beeld as ’n voortgesette konstruksiewerk, eerder as ’n voltooide pragstuk, te sien.’ ’n Wonderlike voorreg het ons te beurt geval – naamlik om in alle ootmoed – in ons doen en late en ontvouing – te bely dat die kerk ‘die tempel van die lewende God’ is (2 Kor. 6:16, OAB)” (John McVay, “Biblical Metaphors for the Church: Building Blocks for Ecclesiology,” in Ángel Manuel Rodríguez, redakteur, *Message, Mission, and Unity of the Church* [Hagerstown, Maryland: Review and Herald®, 2013], bl. 52).

### Vrae vir bespreking:

1. Dink nou aan die metafore wat die Bybel vir die kerk gebruik. Van watter een hou jy die meeste, en hoekom? Lees die volgende skrifgedeeltes vir verdere beelde: 1 Tim. 3:15, 2 Tim. 2:3–5, 1 Pet. 2:9. Watter nuwe insae bied dit ons?
2. “God wil hê dat sy kinders in die hegte band van Christelike samesyn moet saamkom. Wedersydse vertroue is van kardinale belang vir die welstand van die kerk, so ook saamstaan in tye van geestelike krisis. ’n Enkele onverstandige of roekelose handeling kan die kerk in die moeilikheid bring, en probleme op die hals haal wat jare neem om te herstel” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 3, bl. 446). Wat sê dit vir ons oor die tipe pogings ons moet aanwend om eenheid in die kerk te beskerm? Watter rol het elkeen van ons in daardie heilige verantwoordelik te speel?
3. Uit Sondag se les het ons die volgende geleer: Dat ons vir ons verlossing op God se genade aangewese is. Ten spyte van die feit dat ons die “volk van God” is, is ons totaal onverdienstelik. Om die waarheid te sê, ’n mens kan dit ook só sien: Ons is slegs die “volk van God” omdat ons op God en sy verdienste staatmaak. Is dit ’n geldige redenesie? Gee ’n rede vir jou antwoord.

**Opsomming:** Die Nuwe Testament gebruik verskillende metafore om beide die aard en sending van God se kerk te versinnebeeld. Bowenal leer ons uit hierdie metafore dat God mooi oor sy kinders waak en hulle beskerm. Dit sê ook vir ons dat ons as die kinders van die Here onderling verbind is, en dat ons mekaar nodig het as ons die sending waartoe ons geroepe is, wil uitvoer.